

18 November

Skrifgedeelte: Hebreërs 2:10-18

Fokusgedeelte: Hebreërs 2:14

Die vrees van 'n vlees-en-bloed-bestaan deurbreek

Ons is nie manne en vroue van staal nie. Ons is mense van vlees en bloed. Dit maak dat ons "sagte teikens" is. Een koeël van 'n kaper kan die sagtheid van ons vlees en bloed oopruk en die lewenskrag uit ons laat uitvloei tot in die dood. Een vurige pyl van die Bose kan ons in die hart tref en ons lewensvreugde uit ons laat wegkwyn sodat ons in vrees vir die lewe en in vrees vir die dood verstar.

Ons bly gevangenes van hierdie vrees totdat ons opkyk in die oë van 'n barmhartige en getroue Hoëpriester. Ons sien die innige jammerte in sy oë vir ons weerloosheid in die situasie waarin ons verkeer. Niks sal Hom keer om die wil van sy Vader uit te voer om baie as sy kinders tot heerlikheid te lei nie. Hy het hom nie geskaam om ons sy broers te noem nie. Hy het nie daarvoor teruggedeins om die broosheid van vlees en bloed sy eie te maak nie. Deurdat sy vlees gebreek en bloed vergiet is, is 'n kragtige fontein van lewe vir ons oopgebreek. Anders as 'n 5 mm-reënbui wat in droogtetyd in die sand wegsyfer, is sy bloed nie kragteloos deur die dood verswelg nie. Deur sy bloed uit te stort, het die lewenstroom van God se liefde en welbehae en voldoende geregtigheid die finale greep van die dood verbreek, die dood wat alles afsny. Vir diegene wat in Christus is (Hy as die Eersteling en ons as sy volgelinge), is daar die bevryding van die opstandingslewe. Al is die bevrydes na die uiterlike nog steeds vlees en bloed, klop daar in hulle innerlike mens 'n wedergebore hart wat die krag van die ewige lewe deur hulle are laat bruis. Geen mag in die hemel of op die aarde kan ooit tot die kern van hierdie onverganklike wedergebore lewe deurbreek en dit laat wegsyfer nie.

Dr FW de Wet (Vryheid)